



Beste Jong dominee/Jeugleier/Jongmens/Jeugwerker/Persoon wie se hart klop vir die jeug...!

Baie welkom by die JONK VS Jeugkongres 2017. Ons is opgewonde oor jou navrae en die entoesiasme wat jy saam met die JONK Span hierin deel.

Die doel van die kongres is om ons jongmense se stemme te hoor oor kwessies soos die kerk, hul plek in die kerk, seksualiteit, interkulturele verhoudinge in SA en sosiale media. En, hierdie is presies die kwessies wat ons saam oor gaan dink tydens die kongres. Bekende publieke sprekers soos Prof. Stephan Joubert, Prof. Jan-Albert van den Berg (UV), ds. Francois Lamprecht (N.G. Pellissier) en Willem Ellis (Instituut vir Rekonsiliasie, UV) gaan ons help dink.

Die kongres begin Vrydagmiddag om 16h00 tot Saterdagmiddag 17h00 by Hugenoet Gemeente, Bloemfontein. Alle etes en materiaal is gratis. Sou jy en jou span ook van buite Bloemfontein af reis en, nie regkom met verblyf nie, skakel asseblief met ons, dan help ons vir julle. Die verblyf sal ook gratis wees. Ons wil graag die byeenkoms so toeganklik moontlik vir almal maak. **Let asseblief daarop dat julle minimum twee weke vooraf reeds met ons moet bevestig indien julle verblyf benodig. Gesels gerus met my via epos vir enige reëlings rondom verblyf.**

Indien julle sou belangstel om te kom, vul gerus die kort blokkie hieronder in en stuur terug aan Anneri by adutoit2216@gmail.com om jul plekke te bespreek en te bevestig. Alhoewel daar hieronder net plek is vir 5 name, is jul meer as welkom om nog mense te stuur. Ons venue kan ongelukkig maksimum net 180 persone akkommodeer so bespreek gou om jul plek te bevestig.

NAAM EN VAN	TELEFOONNOMMER	GEMEENTE/SKOOL	OUERDOM	EPOSADRES
1.				
2.				
3.				
4.				
5.				

Hoop ons sien jou daar! Die volledige Program tesame met 'n aanwysings na Hugenoet sal nader aan die tyd aan elke inskrywing gestuur word.

Groete in Christus,

JONK Span, Vrystaat